

Met Een Voet In Die Bybel

Die skrywer, ds. Gert Janse van Rensburg, bespreek in hierdie boek 800 Afrikaanse spreekwoorde, vaste uitdrukings, idioeme en gesegdes wat op een of ander manier na die Bybel herlei kan word, sowel as die Bybelse agtergrond van elkeen aan die hand van meer as 2000 Skrifgedeeltes, met hier en daar 'n stukkie teologie en 'n brokkie humor.

Taalkundiges en teoloë beskryf die boek as “Uniek – daar bestaan nie nog so iets in Afrikaans nie.”

Uitgewer: Kreativ SA, George; Drukker: Bidvest DATA, Kaapstad.

VIR WIE IS DIE BOEK BEDOEL:

- Bybellesers en Bybelstudente;
- Gesellige gesinsaaende tydens die Covid-inperking;
- Skoliere wat hul opstelpunte wil verbeter;
- Bybelstudie in groepe of individueel;
- Selfs teoloë en taalpraktisyne sal dit nuttig vind.

LUSMAKER:

helfte. Die helfte is my nie vertel nie: *Daar is meer verrassings as die waarvan ek gehoor/verwag het.* Koning Salomo se wysheid en welvaart bereik selfs die koningin van Skeba, 'n welvarende ryk, iewers in die suide van Arabië. Sy onderneem 'n weke lange reis vir 'n staatsbesoek in Jerusalem, en wat sy daar aanskou en hoor, slaan haar asem weg en sy sê aan Salomo dat wat sy tuis gehoor het nie die helfte is van wat hier te sien is nie. Sy besing ook die lof van die God van Israel. 'n Duisend jaar later sê die Here Jesus dié koningin sal op die oordeelsdag 'n voorbeeld vir die ongelowige godsvolk wees (1 Kon 10:1-10; 2 Kron 9:6; vgl. Matt 12:42). Die spreekwoord is behoorlik by ouer Afrikaanssprekendes ingeskerp as die eerste reël van die koor (refrein) van 'n Hallelujalied “O, ek weet van die Godstad so heerlijk,” waarin die heerlijkheid van die Nuwe Jerusalem (die hemel) besing word.

Here². As/so die Here wil: *As God dit so beskik; as dit binne God se raadsplan is.* Jakobus vermaan sy lesers om nie God buite rekening te laat in hul beplannings nie (Jak 4:15; vgl. Hand 18:21). Die bekende “DV,” afkorting vir *Deo volente*, is die Latynse weergawe van die uitdrukking in Jak 4. Die uitdrukking moenie in 'n fatalistiese sin verstaan word nie. Vgl. die digter Adam Small se hartseer: “*Die Here het geskommel, en die dais het geval, daai's ma' al, daai's ma' al.*” Gelowiges wil maar net met “DV” bely dat hulle hul vertroue in hulle liefdevolle Vader plaas. **Kyk wik en mens³.**

hert. Hygend hert: *Uitroep van verbasing of verslaentheid: “Nee, o hygend, dit kan nie wees nie!”* Ons gebruik die uitdrukking sonder enige verband met die betekenis daarvan in die Bybel. Dit is ontleen aan die Nederlandse beryming van Ps 42:1: *'t Hijgend hert, de jacht ontkomen.* Die digter verlang sterk na die nabyheid van God, soos 'n wildsbok na water. Dat die bok uit 'n jagter se agtervolging ontsnap het, is die Nederlandse berymer se verbeeldingsvlug, wat nie deur ons Afrikaanse berymers, Totius en TT Cloete, nagevolg is nie.

Prys: 'n Boek van byna 300 bladsye @ R250.00 is goeie waarde vir geld.

 Koop voor 31 Januarie – slegs R235-00 (bespaar R15-00).

 'n Gedeelte van die opbrengs gaan na Solidariteit Helpende Hand se Bejaardesprojekte.

Versending – slegs van PostNet na PostNet (Vinnig en betroubaar) – R100-00

Spaar op versendingskoste: ¶ Maak saam – R100.00 vir tot tien boeke.

¶ Haal af by outeur in Brummeria, Pretoria met bewys van betaling.

BESTELVORM: Voltooi die aangehegte bestelvorm, en stuur tesame met bewys van betaling, na VoetInBybel@gmail.com

**BESTELVORM
MET EEN VOET IN DIE
BYBEL**

Gert Janse van Rensburg

Voltooi asseblief die vorm en stuur saam met **betalingsbewys** aan: gertjvr1933@gmail.com

NOEMNAAM			
Van			
Selnommer		E-posadres	

Afleweringadres: Vul in die adres van jou **naaste PostNet-kantoor**
(Indien onseker, Google **PostNet Store Locator**)

Dorp/Stad	
Sentrum waar geleë	
Persoonlik afhaal?	Indien JA/NEE, Skakel 0823732367vooraf

PRYS

R250.00 ('n Deel gaan vir Solidariteit Helpende Hand Bejaardeprojek)

+ versendingskoste	Na naaste PostNet vir tot ses boeke: R100.00.
Getal boeke	
Totaal bedrag	R.....
Datum inbetaal	

**Bankrekeningbesonder
-hede**

Bank	ABSA, Takkode: 632005
Rekeninghouer	G F Janse van Rensburg
Rekeningnommer	93 2057 9465; Spaar;
Jou erwysing :	Gebruik jou voorletters en van by inbetaling asb.
Enige opmerkings	

Voltooi en stuur met bewys van betaling na
VoetInBybel@gmail.com

Baie dankie vir jou ondersteuning!

Boekresensie: *Met een voet in die Bybel*

Outeur: Gert Janse van Rensburg

Uitgewer: Kreativ SA

ISBN: 978-1-928478-86-7

800 Afrikaanse spreekwoorde, idiome, vaste uitdrukkings en gesegdes wat aan die Bybel ontleen is, tesame met 2 000 **Skrifverwysings** en toeligtings, met hier en daar 'n stukkie teologie en 'n brokkie humor. Só staan daar geskryf op die heldergeel voorblad van hierdie sagtebandboek wat 288 bladsye beslaan. Die boek is egter sóveel méér. Dit lewer ook 'n besondere **bydrae** tot die opgetekende taal, dien as interessante gespreksonderwerp, en is geskik vir Bybelstudie deur 'n individu of in groepe. Ds. Janse van Rensburg skryf op bladsy 8: "Spreekwoorde is al die speserye van 'n taal genoem – dit gee as't ware smaak aan ons daaglikse taalgeregte."

Dr. Henry Stone, Oud-Superintendent-Generaal van Onderwys en Kultuur, skryf in die Voorwoord: "Dit is nie net 'n boek vir die taalproewer nie, maar vir enige student, spreker, debatteerder, onderwyser, seremoniemeester of voorsitter, wat sy of haar Afrikaans steeds ryker en oorredender wil inspan, gesout en gepeper met idiomatiese krag. Die spreekwoord is immers 'n taalverskynsel wat deur vele gebruik geslyp is tot juweel en wat tref soos die punt van 'n pyl. Dit is volkskuns op sy beste."

Prof. Willie van Heerden, Departement van Bybel- en Antieke Studies Kollege vir Geesteswetenskappe, UNISA, reken dat die outeur eerlik met die Bybeltekste omgegaan het en nie gehuiwer het om uit te wys dat die Bybelse spreekwoorde of uitdrukkings in hul Bybelse gebruikskontekste nie noodwendig dieselfde betekenis het as wat ons vandag met daardie spreekwoorde en uitdrukkings in Afrikaans bedoel nie. Hy noem ook dat hy groot waardering het vir die outeur se aanslag wat soms behels dat hy meer as een opinie oor 'n saak stel.

Prof. Willem Boshoff, UNISA, skryf dat ds Janse van Rensburg se *Met een voet in die Bybel* uniek is: "Na my beste wete het daar nog nie voorheen so 'n deeglike en omvangryke versameling spreekwoorde vanuit 'n enkele lewensfeer of bron verskyn nie." In die Inleiding word die studie só saamgevat: "Die leser vind hier 'n lys Afrikaanse spreekwoorde, idiome, vaste uitdrukkings en gesegdes, wat op een of ander manier aan 'n Bybelse woord herinner, of daarna teruggevoer kan word, of sy bestaan daaraan te danke het, of duidelik daaraan ontleen is."

Volgens die Inleiding **word die boek nie as 'm taalkunde handboek aangebied nie**, en sal die leser agterkom "dat die spreekwoord hier soms "as 'n soort "kapstok" gebruik word vir 'n teologiese besinning, of 'n sedelesie – of selfs vir 'n tikkie humor" (5). Die leser word ook aangemoedig om dieper te delf en ander bronne te raadpleeg. Ek het die maklik verstaanbare gebruikersgids voor in die boek baie nuttig gevind. Interessante inligting soos byvoorbeeld dat ons in Afrikaans sowat 300 uitdrukkings uit die mond van die Here Jesus Christus self as spreekwoorde gebruik, het my aan die lees gehou.

Ek beaam wat dr. Mariëtta Alberts, Voormalige Direkteur: Terminologie-ontwikkeling en Standaardisering, PanSAT oor *Met een voet in die Bybel* skryf: "Dit was vir my geestesverrykend en leersaam om die manuskrip te lees. Die pittige sydelingse opmerkings by sommige spreekwoorde, laat die leser dikwels skaterlag. Die teks is boonop in die suiwerste Afrikaanse idioom aangebied en lees maklik." Teoloë, akademië én leke kan, aldus haar, baat vind by die boek, veral as jy die "Bybelse inhoud vanuit 'n ander perspektief wil beskou en verstaan" (10).

Ek is baie opgewonde oor my kopie van *Met een voet in die Bybel* en is baie trots daarop om dit 'n ereplek in my boekrak te gee. Dit is ook 'n boek wat ek gereeld sal opneem en lees, want ek is lief vir Afrikaans en dis wonderlik om te sien hoe die inhoud van die Bybel in my moedertaal nóg dieper betekenis kry. Ek sluit af met prof. Rufus Gouws, Universiteit Stellenbosch se aanhaling op die agterblad: "Die bewerking bied 'n kombinasie van betekenisleiding, etimologie, kulturele kennis asook Christelike raad en waardes."

Meer oor die outeur: Ds. Janse van Rensburg is in 1933 op Pofadder gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Upington en verwerf 'n BSc-graad aan die destydse PU vir CHO. Ná jare se diens in die SA Weermag studeer hy aan die universiteite van Pretoria en Stellenbosch en verwerf hy cum laude die grade BTh en Mth. Daarna dien hy getrou by verskeie gemeentes. Hy is nou afgetree en skryf graag. Hy het onder meer sy oupa, sy vader en sy eie biografieë uitgegee.

In **Met Een Voet In Die Bybel** bespreek ds Gert Janse van Rensburg 800 Afrikaanse spreekwoorde en gesegdes wat na die Bybel herlei kan word, aan die hand van meer as 2 000 Skrifge-
deeltes, met hier en daar 'n stukkie teologie en 'n brokkie humor.



Navrae: 082 373 2367 / voetinbybel@gmail.com